VERDUIDELIKING VAN AANSOEKSTATUSSE – EENHEID VIR OOP- EN AFSTANDSLEER

Raadpleeg asseblief hierdie gids vir ’n verduideliking m.b.t. die status van u aansoek. Indien u enige verdere navrae of onsekerhede in hierdie verband het, is u welkom om ons te kontak by 018 285 4320 of ApplicationsUG@nwu.ac.za (vir voltydse voorgraadse studies) en 018 285 5900 of DistancePotch@nwu.ac.za (vir afstandsleeraansoeke).

VORDERINGSTATUS:

“VOORWAARDELIK AANVAAR”

U het aan die minimum vereistes vir u voorgenome kursus voldoen, op grond van u skooluitslae wat tydens die aanlyn aansoekproses voorgelê is. U sal aan sekere voorwaardes moet voldoen voordat u ten volle aanvaar kan word en in Januarie kan registreer vir die eerste semester, of in Junie kan registreer vir die tweede semester.

Dit beteken dat u voorwaardelik aanvaar is vir een van die redes soos hieronder aangedui:

REDE	BESKRYWING
Fakulteitsbesluit	Die aansoek is ingestuur vir akademiese goedkeuring.
Finale Punte Uitstaande	• U is voorwaardelik aanvaar. Die voorwaarde is dat finale toelating sal afhang van die uitkoms van u finale Graad 12-uitslae of • Suksesvolle voltooiing van die kwalifikasie waarmee u besig is (van toepassing op GDO, BEd Hons, Hons in Teologie en NGOS).
HESA	Finale toelating tot die program sal afhang van die indiening van ’n geldige vrystellingsertifikaat, uitgereik deur die Matrikulasieraad.
Studiepermit	Finale toelating tot die program sal afhang van die indiening van ’n geldige studiepermit of relevante permit. Verdere inligting sal gekommunikeer word sodra die permit ingedien is, deur die Internasionale Kantoor.

“ONSUKSESVOL”

Akademiese Redes	Die aansoek is ingestuur vir akademiese evaluering, en u het nie aan die vereistes vir die program voldoen nie.
UNIPREP	U aansoek is ingestuur vir akademiese evaluering, en u voldoen nie aan die vereistes vir die graadprogram nie, maar u voldoen wel aan die vereistes vir die UNIPREP-program.

“HANGEND”

Dokumente Uitstaande	U aansoek is ontvang, maar is onvolledig weens uitstaande dokumente. Dien asseblief alle tersaaklike dokumente in sodat die aansoek verwerk kan word.

“WAG VIR GOEDKEURING OF GESKEP”

U aansoek om toelating tot die NWU is ontvang en word tans oorweeg. Indien u nie terugvoer ontvang het binne 3-6 weke nadat u u aansoek ingedien het nie, kan u die EOAL-sentrum kontak.

Original details: (12997722) C:\Users\12997722\Desktop\Clarification of Application Statuses.docm
7 Augustus 2019

File reference: 7.1.1.7.1